# BOARD NOTICES • RAADSKENNISGEWINGS

## BOARD NOTICE 139 OF 2021

Western Cape Government

Western Cape Gambling and Racing Board
Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne • Ibhodi Yelentshona Kapa Yokungcakaza Ngemali Neyemidyarho

**NOTICE 1 OF 2021**

**NOTICE IN TERMS OF THE PROMOTION OF ADMINISTRATIVE JUSTICE ACT 3 OF 2000: INVITATION FOR COMMENTS ON THE ROLL-OUT OF TYPE B; C AND D LIMITED PAY-OUT MACHINE ("LPM") SITE AND ROUTE OPERATOR LICENCES IN THE WESTERN CAPE**

1. Notice is hereby given to all interested parties that the Board is conducting a public participation process in respect of the viability and desirability of issuing:

   (i) Type B and C LPM Site licences;
   (ii) Independent Site Operator licences (Type D LPM Site licences); and
   (iii) A third Route Operator licence

   in the Province of the Western Cape.

2. Written comments and representations must be forwarded to the following address and contact details:

   **Mr Primo Abrahams**
   **The Chief Executive Officer**
   **Western Cape Gambling and Racing Board**
   **100 Fairway Close**
   **Parow, 7500**

   **P O Box 8175**
   **Roggebaai, 8012**
   **Telephone Number: (021) 480 7400**
   **E-mail: Objections.Licensing@wcgrb.co.za**

3. Comments should reach the Office of the Board within 30 (thirty) calendar days from the date of publication in the Government Gazette. Comments received after the closing date may be disregarded.

4. Persons lodging comments or representations should provide clear contact details and personal particulars, i.e. name, telephone number, facsimile number or email address.

5. For enquiries, please contact:

   **Ms Yvonne Skepu**
   **Manager: Legal Services**
   **100 Fairway Close**
   **Parow, 7500**
   **Telephone number: (021) 480-7400**
   **E-mail address: Yvonne@wcgrb.co.za**



This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**

**SCHEDULE**

**ROLL-OUT OF TYPE B; C AND D LIMITED PAY-OUT MACHINE ("LPM") SITE LICENCES AND THE LICENSING OF A THIRD ROUTE OPERATOR IN THE WESTERN CAPE**

**CONTENT**

1. Introduction and Background
2. Legislative framework
3. Considerations
4. Public Participation prior to award of Site and Route Operator licences

**1. Introduction and Background**

1.1 The Western Cape Gambling and Racing Board ("the Board") is a public body constituted in terms of Section 2 of the Western Cape Gambling and Racing Act, 1996 (hereinafter referred to as "the WCGRA"). The Board is a Provincial Regulator charged with the regulation and control of all gambling and racing and related activities in the Province of the Western Cape. It is authorised to issue the licences couched in Section 27 of the WCGRA and has the powers conferred by Section 12 of the WCGRA and Sections 30 of the National Gambling Act, 2004 (hereinafter referred to as "the NGA").

1.2 The conduct of gambling operations is regulated in terms of both the WCGRA and the NGA.

1.3 The Board issued two Route Operator licences in the Western Cape during 2004. Currently, each of the Route Operators is licensed to roll out 1500 LPMs throughout the Province of the Western Cape. These LPMs are rolled out in, amongst other, bars, restaurants, bookmaker and totalisator retail shops ("the primary business"), where the Route Operator partners with owners of the aforementioned businesses and the revenue from the LPMs are proportioned 60/40% between the Route Operator and the Site Owner, respectively. The LPMs offer an additional form of entertainment to the patrons of the primary business. A Type A LPM site can house between two (2) and five (5) LPMs. Generally, in terms of the Businesses Act, 1991, five machines are permitted if the premises holds a business licence.

1.4 The Board applies restrictive advertising and strict compliance measures for access to LPMs and these may not be visible from outside the premises.

1.5 The Route Operator owns the LPMs and bears the responsibility to assist Site Owners, pay the prescribed taxes over to the Board and ensure compliance by Site Operators. A Route Operator licence is defined in Section 46 and a Site licence in Section 47 of the WCGRA.

1.6 An Independent Site Operator means a Site Operator who is not linked to a Route Operator and is licensed to own and operate LPMs on a single site and is responsible for maintaining the machines, effecting the collection of money and paying the provincial taxes and levies due to the provincial licensing authorities.

1.7 The National Regulations on LPMs (hereinafter referred to as "National Regulations") outline various regulatory prescripts governing the roll-out and licensing of LPMs in the country as a whole. In terms of the National Regulations, the monetary amount that can be staked on these LPM machines is capped at R5.00 and the maximum payout is capped at R500.00.

1.8 Due to the growth of the gambling industry, the business proposals by Operators to expand their business operations, the broader economic opportunities for new market entrants and the broader benefits that flow to the inhabitants of the Province, the Board resolved to engage those affected and impacted by any regulatory decision to licence and roll-out Type B; C and D LPMs in the Province.

1.9 A Type B Site licence will authorise the licence holder to expose a minimum of six (6) and a maximum of 20 LPMs, whereas a Type C Site licence authorises the licence holder to expose a minimum of twenty-one (21)



This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

and a maximum of forty (40) LPMs in an approved LPM Site/ premises, for play by the public. A Type D Site holds an Independent Site Operator licence, which authorises the licence holder to expose a minimum of twenty-one (21) and a maximum of forty (40) LPMs for play, which licence is not linked to a Route Operator.

1.10 The Site licences espoused in this Notice do not constitute or authorise the operation of a casino.

1.11 The Province of the Western Cape is authorised to roll out 9 000 LPMs per the National Regulations. In terms of Regulation 13 of the National Gambling Regulations, Provincial Gambling Boards may roll-out their allocated LPMs in three (3) phases with the first phase being up to 50% of the provincial allocation.

1.12 Subsequent phases would require the Provincial Gambling Board to conduct research into the socio-economic impact of LPMs, prior to any further roll-out beyond the 50% allocation.

1.13 The Board may therefore roll-out up to 4 500 LPMs in the Province, prior to meeting the requirements as set out in the legislation.

1.14 The Board conducted three studies to date into the roll-out of LPMs and specifically the socio-economic impact thereof. The conduct of the said impact studies far exceeds the intervals and requirements prescribed by law.

**2. Legislative framework**

2.1 **WESTERN CAPE GAMBLING AND RACING ACT, 4 OF 1996**

***Powers and functions of Board***
***12.*** *The powers and functions of the Board shall be-*
*(1) to invite applications for licences in terms of this Act or, with the exception of licences referred to in section 27(a), (b), (d) and (i), accept such applications without such invitation;*
*(2) to consider and dispose of applications for licences in such manner and at such time and place as it may from time to time determine;*

***Applicants***
***31.*** *Any person qualified in terms of this Act may apply for a licence under this Act; provided that, in the case of a licence referred to in section 27(a), (b) (d) or (i), a person may only on an invitation by the Board apply for such licence…*

***Route operator licence***
***46.*** *(1) A route operator licence shall only be issued to a company registered in terms of the Companies Act, 1973.*
*(2) A route operator licence is required by every company which permits or engages in the business of operating limited payout machines in or on one or more premises licensed in terms of section 47.*
*(2A) A route operator licence shall attach to the operator specified in the licence.*
*(3) A route operator licence shall authorise, subject to any conditions which the Board may impose, the operation of approved limited payout machines in or on premises or such parts of such premises as are licensed in terms of section 47.*

***Site licence***
***47.*** *(1) A site licence is required for any premises in the Province in or on which limited payout machines are placed by the holder of a route operator licence.*
*[Subsection (1) amended by a 22(b) of Act 4 of 2006 w e f 1 December 2006]*
*(2) A site licence shall authorise, subject to any conditions which the Board may impose, the keeping and exposing for play in or on the licensed premises or such part of such premises as is specified in the licence of any limited payout machines operated in terms of section 46.*



This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**

*(3) A site licence shall attach to the premises specified in the licence.*
*(4) The Board shall not grant an application for a site licence unless it is satisfied that -*
*(a) the person who or which will be responsible for the operation of the gambling business on the site, and*
*(b) subject to the proviso to section 30(2), all persons holding a financial interest of five percent or more in the person contemplated in paragraph (a) comply with the provisions of sections 28 or 29, as the case may be, and 30.*

2.2 **NATIONAL GAMBLING ACT 7 OF 2004**

***30 Jurisdiction of provincial licensing authorities***
*(1) Each provincial licensing authority has exclusive jurisdiction within its province, to the extent provided in provincial law, to-*
*(a) investigate and consider applications for, and issue-*
*(i) provincial licences in respect of casinos, racing, gambling or wagering, other than for an activity or purpose for which a national licence is required in terms of this Act; and*
*(ii) subject to Part B of this Chapter, national licences for any activity or purpose for which a national licence is required or optional in terms of this Act; ...*

2.3 Section 4 of the Promotion of Administrative Justice Act 3 of 2000 (“PAJA”) prescribes the procedure to be followed by organs of state where administrative action materially and adversely affects the rights or legitimate expectations of the public.

2.4 The Board resolved to follow the notice and comment procedure to afford all stakeholders and interested parties the opportunity to comment on the viability and desirability of licensing Type B; C and D LPM sites and inviting applications for the award of a third Route Operator licence.

2.5 The Board will then consider the comments received and pronounce its final decision following any further public discourse that may be necessary. All comments and submissions pursuant to this public participation process will be considered in the Board’s deliberations.

**3. Considerations**

3.1 The Board is inviting public comments on the viability and desirability of rolling out three new categories of LPM Site licences, viz. Type B; Type C and Type D licences and the award of a third Route Operator licence, in the Province of the Western Cape.

3.2 The characteristics of these Site licences are outlined below:

| | |
|---|---|
| Type A Site | A Site that is licensed to expose a minimum of 2 and a maximum of 5 LPMs for play (all premises are linked to Route Operator). These are currently operational in the Province and no comment is required in respect hereof. |
| Type B Site | A Site that is licensed to expose a minimum of 6 and a maximum of 20 LPMs for play (linked to Route Operator) |
| Type C Site | A Site that is licensed to expose a minimum of 21 and a maximum of 40 LPMs for play (linked to Route Operator). |
| Type D Site | Independent Site Operator licence, where a site is licensed to expose a minimum of 21 and a maximum of 40 LPMs for play (not linked to Route Operator). |
| Route Operator | Route Operator means a company registered in terms of the Companies Act, 1973 (Act No. 61 of 1973), which is –<br>(a) licensed to own and operate limited payout machines; |



This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**

| | |
|---|---|
| | (b) responsible for maintaining limited payout machines; and<br>(c) responsible for effecting the collection of money and paying the provincial taxes and levies in respect of any limited payout machine under its licence. |

3.3 The economic and social benefits to the Province in rolling out the categories of licences specified in this Notice includes:

(i) The payment of increased Operator fees to the Provincial Fiscus;
(ii) Taxes on the gambling revenue generated accruing to the Provincial Fiscus;
(iii) Additional corporate social investment initiative contributions to uplift communities in which they operate and the Province as a whole;
(iv) Bringing informal small businesses into the formal economy, through partnering with small and medium enterprises to acquire LPM premises licences; and
(v) Facilitating further transformation imperatives of the industry through the promotion of Broad-Based Black Economic Empowerment("BBBEE") .

**4. Public participation prior to award of Site and Route Operator licences**

4.1 Should a determination be made to roll out Type B; C and D licences, the relevant applications will be advertised for comment in respect of the suitability of the premises and persons holding a financial interest of 5% or more in terms of the prescripts in the WCGRA, the Rules and Regulations. This continues as per the normal advertising and comments of all applications for gambling licences, bar the two exceptions outlined in Section 32(2)(a) of the WCGRA.

4.2 Persons in the different communities will therefore still have the opportunity to comment in respect of gambling premises to be situated in close proximity of places of interest to them.

4.3 This Notice is not an indication that the Board will roll-out these categories of licences but rather inviting comments in terms of the viability and desirability of these categories of licences being licensed by the Board.

4.4 The Board reserves the right to not award any of the categories of licences espoused in this Notice. The Board's final determination will be made upon conclusion of the public participation processes.



This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**

## RAADSKENNNISGEWING 139 VAN 2021

Western Cape Government

Western Cape Gambling and Racing Board
Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne • Ibhodi Yelentshona Kapa Yokungcakaza Ngemali Neyemidyarho

**KENNISGEWING 1 VAN 2021**

**KENNISGEWING INGEVOLGE DIE WET OP BEVORDERING VAN ADMINISTRATIEWE GEREGTIGHEID, WET 3 VAN 2000: UITNODIGING VIR KOMMENTAAR OP DIE UITROL VAN TIPE B-, C- EN D-BEPERKTE UITBETAALMASJIEN- ("LPM") PERSEEL- EN ROETE-OPERATEURLISENSIES IN DIE WES-KAAP**

1. Kennisgewing geskied hiermee aan alle belangstellende partye dat die Raad 'n openbaredeelnameproses uitvoer ten opsigte van die lewensvatbaarheid en wenslikheid om die volgende uit te reik:

   (i) Tipe B- en C-LPM-perseellisensies;
   (ii) Onafhanklike Perseel-Operateurlisensies (Tipe D-LPM-perseellisensies); en
   (iii) 'n Derde Roete-Operateurlisensie

   in die Provinsie van die Wes-Kaap.

2. Skriftelike kommentaar en vertoë moet na die volgende adres en kontakbesonderhede gestuur word:

   **Mnr Primo Abrahams**
   **Die Hoof Uitvoerende Beampte**
   **Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne**
   **Fairway Singel,100**
   **Parow, 7500**

   **Posbus 8175**
   **Roggebaai 8012**
   **Telefoon nommer: (021) 480 7400**
   **E-pos: Objections.Licensing@wcgrb.co.za**

3. Kommentaar moet die Kantoor van die Raad binne 30 (dertig) kalenderdae na die datum van publikasie in die Staatskoerant bereik. Kommentaar wat ná die sluitingsdatum ontvang word, kan buite rekening gelaat word.

4. Persone wat kommentaar of vertoë rig, moet duidelike kontakbesonderhede en persoonlike inligting verskaf, soos naam, telefoonnommer, faksnommer of e-posadres.

5. Navrae kan gerig word aan:

   **Me Yvonne Skepu**
   **Bestuurder: Regsdienste**
   **Fairway Singel 100**
   **Parow, 7500**
   **Telefoon nommer: (021) 480-7400**
   **E-posadres: Yvonne@wcgrb.co.za**

**BYLAE**

**UITROL VAN TIPE B-, C- EN D- BEPERKTE UITBETAALMASJIEN-PERSEELLISENSIES ("LPM") EN DIE LISENSIËRING VAN 'N DERDE ROETE-OPERATEUR IN DIE WES-KAAP**

**INHOUD**

1. Inleiding en agtergrond
2. Wetgewende raamwerk
3. Oorwegings
4. Openbare deelname voor die toekenning van Perseel- en Roete-Operateurlisensies

**1. Inleiding en agtergrond**

1.1 Die Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne ("die Raad") is 'n openbare liggaam wat ingevolge Artikel 2 van die Wes-Kaapse Wet op Dobbelary en Wedrenne, 1996 ingestel is (hierna verwys na as "die WKWDW"). Die Raad is 'n Provinsiale Reguleerder wat gelas is met die regulering en beheer van alle dobbel- en wedrenne- en verwante aktiwiteite in die Provinsie van die Wes-Kaap. Dit is gemagtig om die lisensies uit te reik wat neergelê is in Artikel 27 van die WKWDW en het die bevoegdhede wat toegeken word deur Artikel 12 van die WKWDW en Artikel 30 van die Nasionale Wet op Dobbelary, 2004 (hierna verwys na as "die NWD").

1.2 Die uitvoer van dobbelwerksaamhede word ingevolge die WKWDW en die NWD gereguleer.

1.3 Die Raad het gedurende 2004 twee Roete-Operateurlisensies in die Wes-Kaap uitgereik. Elkeen van dié Roete-Operateurs is tans gelisensieer om 1 500 LPM'e regdeur die Provinsie van die Wes-Kaap uit te rol. Hierdie LPM'e word onder meer uitgerol in kroeë, restaurante, boekmaker- en totalisator-kleinhandelwinkels ("die primêre besigheid"), waar die Roete-Operateur 'n vennootskap met eienaars van die voorgenoemde besigheid aangaan, en die inkomste word onderskeidelik 60/40% tussen die Roete-Operateur en die Perseeleienaar verdeel. Die LPM'e bied 'n addisionele vorm van vermaak aan die klante van die primêre besigheid. 'n Tipe A-LPM-perseel kan tussen twee (2) en vyf (5) LPM'e huisves. Ingevolge die Wet op Besighede, 1991 word vyf masjiene oor die algemeen toegelaat as die perseel 'n besigheidslisensie het.

1.4 Die Raad pas beperkende reklame en streng nakomingsmaatreëls toe vir toegang tot LPM'e en dit mag nie van buite die perseel sigbaar wees nie.

1.5 Die Roete-Operateur besit die LPM'e en dra die verantwoordelikheid om Perseeleienaars behulpsaam te wees, om die voorgeskrewe belasting aan die Raad oor te betaal, en om nakoming deur Perseeloperateurs te verseker. 'n Roete-Operateurlisensie word in Artikel 46 en 'n perseellisensie word in Artikel 47 van die WKWDW omskryf.

1.6 'n Onafhanklike Perseeloperateur beteken 'n Perseeloperateur wat nie aan 'n Roete-Operateur gekoppel is nie en wat gelisensieer is om LPM'e op 'n enkele perseel te besit en te bedryf, en wat verantwoordelik is vir die instandhouding van die masjiene, die invordering van geld en die betaling van die provinsiale belasting en heffings wat aan die provinsiale lisensiëringsowerhede verskuldig is.

1.7 Die Nasionale Regulasies oor LPM'e (hierna verwys na as "Nasionale Regulasies") gee 'n uiteensetting van verskeie regulerende voorskrifte wat die uitrol en lisensiëring van LPM'e in die land as geheel beheer. Ingevolge die Nasionale Regulasies word die geldbedrag wat op hierdie beperkte uitbetaalmasjiene gewed kan word, tot R5,00 beperk en die maksimum uitbetaling word tot R500,00 beperk.

1.8 Gegewe die groei van die dobbelbedryf, Operateurs se sakevoorstelle om hulle sakebedrywighede uit te brei, die breër ekonomiese geleenthede vir nuwe toetreders tot die mark en die uitgebreide voordele wat na die inwoners van die Provinsie vloei, het die Raad besluit om te skakel met diegene wat geraak of



This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

beïnvloed word deur enige regulatoriese besluit om Tipe B-, C- en D-LPM'e in die Provinsie te lisensieer en uit te rol.

1.9 'n Tipe B-perseellisensie sal die lisensiehouer magtig om 'n minimum van ses (6) en 'n maksimum van 20 LPM'e te huisves, terwyl 'n Tipe C-perseellisensie die lisensiehouer magtig om 'n minimum van een-en-twintig (21) en 'n maksimum van veertig (40) LPM'e in 'n goedgekeurde LPM-perseel vir speeldoeleindes deur die publiek te huisves. 'n Tipe D-perseel het 'n Onafhanklike Perseel-Operateurlisensie, wat die lisensiehouer magtig om 'n minimum van een-en-twintig (21) en 'n maksimum van veertig (40) LPM'e vir speeldoeleindes te huisves, welke lisensie nie aan 'n Roete-Operateur gekoppel is nie.

1.10 Die perseellisensies wat in hierdie kennisgewing aangedui word, behels nie en magtig nie die bedryf van 'n casino nie.

1.11 Die Provinsie van die Wes-Kaap is kragtens die Nasionale Regulasies gemagtig om 9 000 LPM'e uit te rol. Ingevolge Regulasie 13 van die Nasionale Dobbelregulasies, kan Provinsiale Dobbelrade hulle toegewese LPM'e in drie (3) fases uitrol, met die eerste fase wat tot 50% van die provinsiale toekenning is.

1.12 Die daaropvolgende fases vereis dat die Provinsiale Dobbelraad navorsing moet doen oor die sosio-ekonomiese impak van LPM'e voordat enige verdere uitrol bó die toekenning van 50% plaasvind.

1.13 Die Raad kan dus tot 4 500 LPM'e in die Provinsie uitrol voordat daar voldoen moet word aan die vereistes wat in die wetgewing uiteengesit is.

1.14 Die Raad het tot hede drie studies oor die uitrol van LPM'e uitgevoer, en spesifiek die sosio-ekonomiese impak daarvan. Die uitvoering van die genoemde impakstudies oorskry ver die intervalle en vereistes wat deur die wet bepaal word.

**2. Wetgewende raamwerk**

2.1 **WES-KAAPSE WET OP DOBBELARY EN WEDRENNE, 4 VAN 1996**

***Bevoegdhede en funksies van die Raad***
***12.*** *Die bevoegdhede en funksies van die Raad is –*
*(1) om 'n uitnodiging vir aansoeke om lisensies kragtens hierdie Wet te rig of, met die uitsondering van lisensies waarna in artikel 27(a), (b), (d) en (i) verwys word, sodanige aansoeke sonder sodanige uitnodiging te aanvaar;*
*(2) om aansoeke om lisensies op sodanige wyse en op sodanige tyd en plek te oorweeg en af te handel soos wat dit van tyd tot tyd bepaal.*

***Aansoekers***
***31.*** *Enige persoon wat kragtens hierdie Wet kwalifiseer, kan om 'n lisensie onder hierdie Wet aansoek doen; met dien verstande dat, in die geval van 'n lisensie bedoel in artikel 27(a), (b) (d) of (i), 'n persoon slegs op uitnodiging van die Raad om sodanige lisensie kan aansoek doen ...*

***Roete-operateurlisensie***
***46.*** *(1) 'n Roete-operateurlisensie word slegs uitgereik aan 'n maatskappy wat ingevolge die Maatskappywet, 1973 geregistreer is.*
*(2) 'n Roete-operateurlisensie is 'n vereiste vir elke maatskappy wat die besigheid van die bedryf van beperkte uitbetaalmasjiene in of op een of meer persele, gelisensieer ingevolge artikel 47, toelaat of daarby betrokke is.*
*(2A) 'n Roete-operateurlisensie is gekoppel aan die operateur in die lisensie gespesifiseer.*



This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**

*(3) 'n Roete-operateurlisensie magtig, onderworpe aan enige voorwaardes wat die Raad oplê, die gebruik van goedgekeurde beperkte uitbetaalmasjiene in of op persele of die dele van sodanige persele wat ingevolge artikel 47 gelisensieer is.*

***Terreinlisensie (i.e. Perseellisensie)***
***47.*** *(1) 'n Terreinlisensie is 'n vereiste vir enige perseel in die provinsie waarin of waarop beperkte uitbetaalmasjiene aangebring word deur die houer van 'n roete-operateurlisensie.*
*(2) 'n Terreinlisensie magtig, onderworpe aan enige voorwaardes wat die Raad oplê, die aanhou en vertoon, vir speeldoeleindes, van enige beperkte uitbetaalmasjiene in of op die gelisensieerde perseel of die deel van sodanige perseel in die lisensie gespesifiseer, wat ingevolge artikel 46 bedryf word.*
*(3) 'n Terreinlisensie is gekoppel aan die perseel in die lisensie gespesifiseer.*
*(4) Die Raad staan nie 'n aansoek om 'n terreinlisensie toe nie, tensy dit tevrede is dat—*
*(a) die persoon wat verantwoordelik sal wees vir die bedryf van die dobbelarybesigheid op die terrein, en*
*(b) behoudens die voorbehoudsbepaling by artikel 30(2), alle persone wat 'n geldelike belang van vyf persent of meer hou in die persoon in paragraaf (a) beoog, voldoen aan die bepalings van artikels 28 of 29, na gelang van die geval, en 30.*

2.2 **NASIONALE WET OP DOBBELARY, WET 7 VAN 2004**

***30 Jurisdiksie van provinsiale lisensiëringsowerhede***
*(1) Elke provinsiale lisensiëringsowerheid het eksklusiewe jurisdiksie in sy provinsie, tot die mate wat in provinsiale wetgewing bepaal word, om –*
*(a) aansoeke te ondersoek en oorweeg om, en die uitreiking te laat geskied van –*
*(i) provinsiale lisensies ten opsigte van casino's, wedrenne, dobbelary of weddenskappe, buiten vir 'n aktiwiteit of doeleinde waarvoor 'n nasionale lisensie kragtens hierdie Wet vereis word; en*
*(ii) onderhewig aan Deel B van hierdie Hoofstuk, nasionale lisensies vir enige aktiwiteit of doeleinde waarvoor 'n nasionale lisensie kragtens hierdie Wet vereis word of opsioneel is;...*

2.3 Artikel 4 van die Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid, Wet 3 van 2000 (''PAJA'') beskryf die prosedure wat staatsliggame moet volg waar administratiewe optrede die publiek se regte of regmatige verwagtinge wesenlik en nadelig beïnvloed.

2.4 Die Raad het besluit om die kennisgewing- en kommentaarprosedure te volg om aan alle belanghebbendes en belanghebbende partye die geleentheid te bied om kommentaar te lewer oor die lewensvatbaarhied en wenslikheid van lisensiëring van Tipe B-; C- en D- beperkte uitbetaalmasjien persele en uitnodiging van aansoeke om die toekenning van 'n derde Roete- Operateurlisensie.

2.5 Die Raad sal dan die kommentaar oorweeg wat dit ontvang en 'n finale besluit oor die aangeleentheid neem, na aanleiding van enige verdere openbare besprekings wat nodig mag wees. Alle kommentaar en voorleggings wat uit hierdie openbaredeelnameproses voortspruit, sal tydens die Raad se beraadslaging oorweeg word.

**3. Oorwegings**

3.1 Die Raad nooi openbare kommentaar uit op die lewensvatbaarheid en wenslikheid om drie nuwe kategorieë LPM-perseellisensies uit te rol, naamlik Tipe B-, Tipe C- en Tipe D-lisensies en die toekenning van 'n derde Roete-Operateurlisensie, in the Provinsie van die Wes-Kaap.

3.2 Die eienskappe van hierdie perseellisensies word hieronder uiteengesit:

| | |
|---|---|
| Tipe A-perseel | 'n Perseel wat gelisensieer is om 'n minimum van 2 en 'n maksimum van 5 LPM'e vir speeldoeleindes te vertoon (alle persele is aan Roete-Operateur gekoppel). Dié persele is tans werksaam in die Provinsie en |



This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**

| | |
|---|---|
| | geen kommentaar word ten opsigte daarvan vereis nie. |
| Tipe B-perseel | ’n Perseel wat gelisensieer is om ’n minimum van 6 en ’n maksimum van 20 LPM’e vir speeldoeleindes te vertoon (aan Roete-Operateur gekoppel). |
| Tipe C-perseel | ’n Perseel wat gelisensieer is om ’n minimum van 21 en ’n maksimum van 40 LPM’e vir speeldoeleindes te vertoon (aan Roete-Operateur gekoppel). |
| Tipe D-perseel | Onafhanklike Perseel-Operateurlisensie waar ’n perseel gelisensieer is om ’n minimum van 21 en ’n maksimum van 40 LPM’e vir speeldoeleindes te vertoon (nie aan Roete-Operateur gekoppel nie). |
| Roete-Operateur | Roete-Operateur beteken ’n maatskappy geregistreer kragtens die Maatskappywet, 1973 (Wet No. 61 van 1973) wat –<br>(a) gelisensieer is om beperkte uitbetaalmasjiene te besit en te bedryf;<br>(b) verantwoordelik is om beperkte uitbetaalmasjiene in stand te hou; en<br>(c) verantwoordelik is om geld in te vorder en die provinsiale belasting en heffings ten opsigte van enige beperkte uitbetaalmasjien onder die lisensie te betaal. |

3.3 Die ekonomiese en maatskaplike voordele vir die Provinsie met die uitrol van die kategorieë lisensies wat in hierdie kennisgewing gespesifiseer is, sluit in:

(i) Die betaling van vermeerdere operateursgelde aan die provinsiale fiskus;
(ii) Belasting op die dobbelinkomste wat gegenereer word en aan die provinsiale fiskus betaalbaar is;
(iii) Addisionele bydraes tot korporatiewe maatskaplike beleggingsinisiatiewe om gemeenskappe waar hulle werksaam is, en die Provinsie as geheel, op te hef;
(iv) Om informele kleinsake by die formele ekonomie in te sluit deur vennootskappe met klein en medium ondernemings aan te gaan om LPM-perseellisensies te bekom; en
(v) Fasilitering van verdere vereistes vir transformasie in die bedryf deur die bevordering van breë-basis swart ekonomiese bemagtiging (“B-BSEB).

**4. Openbare deelname voor die toekenning van Perseel en Roete-Operateurlisensies**

4.1 Indien daar besluit word om Tipe B-, C- en D-lisensies uit te rol, sal die betrokke aansoeke vir kommentaar geadverteer word met betrekking tot die geskiktheid van die persele en persone wat ’n finansiële belang van 5% of meer hou kragtens die bepalings in die WKWDW, die Reëls en Regulasies. Dit sal plaasvind deur die gebruiklike advertensies en versoeke om kommentaar op alle aansoeke vir dobbellisensies, buiten die twee uitsonderings wat in Artikel 32(2)(a) van die WKWDW uiteengesit is.

4.2 Persone in die verskillende gemeenskappe sal dus steeds die geleentheid hê om kommentaar te lewer op dobbelpersele wat geleë sal wees in die nabyheid van plekke wat vir hulle van belang is.

4.3 Hierdie kennisgewing is nie ’n aanduiding dat die Raad hierdie kategorieë lisensies sal uitrol nie, maar is eerder ’n uitnodiging vir kommentaar ten opsigte van die lewensvatbaarheid en wenslikheid van hierdie kategorieë lisensies wat deur die Raad gelisensieer word.

4.4 Die Raad behou die reg voor om nie enige van die kategorieë lisensies wat in hierdie kennisgewing vervat is, toe te ken nie. Die Raad se finale besluit sal ná die voltooiing van die openbaredeelnameprosesse geneem word.



This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**